Die magsbalans tussen die Nederlandse State-Generaal en die Verenigde Oostindische Compagnie (VOC) tydens die stigting en administrasie van die Kaap de Goede Hoop, 1652-1795[1]

Burgert Senekal

The power balance between the Dutch States-General and the United East-India Company during the establishment and administration of the Cape of Good Hope, 1652-1795

During the seventeenth and eighteenth century the United East-India Company and the West-India Company played an important role in shaping the newly established Dutch Republic into a world power. As part of their activities they established colonies, among which the colony at the Cape. This article will discuss the power balance between the Dutch States-General and the United East-India Company, with specific reference to the establishment and management of the Cape Colony. The United East-India Company's and West-India Company's ties with the Dutch States-General as well as the purpose of the Cape Colony will be discussed. It will be shown that the Dutch States-General always held supreme authority in all territories abroad managed by the Dutch East-India and West India Companies, and that the States-General established the Dutch East-India and West India Companies in order to further Dutch interests, the establishment of colonies being one aspect thereof. It will also be shown that the colony at the Cape was an intentional effort to develop a colony abroad for the benefit of the Netherlands.

1. Inleiding

Die Verenigde Oostindische Compagnie (VOC) is een van die bekendste groot multinasionale maatskappye van die vroeë moderne era. Op sy hoogtepunt was die VOC die rykste en magtigste maatskappy in die wêreld (Penn, 2016: 33). Met 4 720 Nederlandse skepe uit 'n totaal van 9 641 in handel tussen 1600 en 1800, was die VOC verreweg die belangrikste kommersiële onderneming in Euro-Asiatiese handel. In vergelyking het die Britse Oos-Indiese Kompanjie (East India Company of EIC), die VOC se naaste mededinger, net meer as die helfte van daardie getal skepe (2 676) in diens gehad (De Zwart, 2016: 10). Byna eenmiljoen Europeërs is aan boord VOC-skepe na Asië vervoer – bykans 100 000 meer as al hulle mededingers saam (De Zwart, 2016: 10). Saam met die VOC het die West-Indische Compagnie (WIC) noue staatsteun geniet en Nederlandse buitelandse beleid uitgevoer, oorloë gevoer en kolonies gestig.

Die spilpunt waarrondom die VOC se handel met die Ooste gewentel het, was die Kaapkolonie. As maritieme diensstasie was die Kaapkolonie 'n noodsaaklike halfwegstasie, daarom het die VOC sedert die sewentiende eeu setlaars daar gevestig om dienste in belang van die VOC te lewer. Ná Britse oorname het die Kaapkolonie egter deel geword van die Britse Ryk, en daar heers onsekerheid oor of die Kaapkolonie as deel van die Nederlandse Ryk of as slegs 'n VOC-diensstasie beskou moet word. Verstegen (2002) voer byvoorbeeld aan dat die VOC, deur betrokke te raak by die kolonisasie van die Kaap, buite die bestek van sy handves opgetree het; dat dit dus 'n onwettige aktiwiteit was wat die gesag van die State-Generaal oorgeneem het. Penn (2016), Antunes (2019) en ander verskil van hierdie uitgangspunt. Die vrae wat in hierdie studie aan bod kom, is:

1. Wat was die magsbalans tussen die Nederlandse State-Generaal en die VOC tydens die stigting en administrasie van die Kaapkolonie?
2. Was die vestiging van burgers in die Kaapkolonie 'n afwyking of was dit in lyn met maghebbers (die VOC en State-Generaal) se beleid?

Die artikel is soos volg gestruktureer: Eerstens word daar agtergrond verskaf oor die aanloop en stigting van die VOC en WIC, met spesifieke klem op Nederlandse regeringsbetrokkenheid en die Nederlandse Ryk. Tweedens word daar bespreek hoe en hoekom 'n bevolking aan die Kaapkolonie gevestig is. Derdens word die twee navorsingsvrae teen die agtergrond van 'n literatuurstudie bespreek, waarna die artikel met slotopmerkings afsluit.

2. Agtergrond tot die Nederlandse handelsmaatskappye en hulle konteks

2.1. Aanloop tot die stigting van die VOC en WIC

Die Nederlandse opstand teen Spanje het in 1579 tot die stigting van die Unie van Utrecht gelei (Baartman, 2015: 47), wat amptelik in 1581 deur die Plakkaat van Verlatinghe as die Republiek der Zeven Verenigde Nederlanden (die Nederlandse Republiek) onafhanklikheid verklaar het. Hierdie sewe provinsies was Groningen, Frisia, Overijssel, Gelderland, Utrecht, Holland en Zeeland, en is deur die State-Generaal regeer. Elke provinsie is deur 'n stadhouer regeer, in vele gevalle lede van die Huis van Oranje.

Sedert die Portugese in die laat vyftiende eeu 'n maritieme roete na Asië rondom Afrika gevestig het, was Lissabon die primêre spilpunt vir die verspreiding van speserye na die Europese mark. In die sestiende eeu het Antwerpen Lissabon egter verbygesteek as die primêre spilpunt in dié

verband (Parthesius, 2010: 33). Handelaars van Brittanje en die Habsburgse Nederlande (die Lae Lande wat in die Renaissance deur die Habsburg-dinastie regeer is, ongeveer van 1482 tot 1581) het in die laaste deel van die sestiende eeu begin om nuwe markte in Rusland, die oostelike Middellandse See en die kus van Wes-Afrika te ondersoek (Gelderblom, De Jong en Jonker, 2011: 35; Meuwese, 2012: 20).

Ná die val van Antwerpen in 1585 het Amsterdam die spilpunt van Europese handelsekspedisies geword (Rietbergen, 2007: 29; Parthesius, 2010: 33; Gelderblom *et al*., 2011: 35; Meuwese, 2012: 22; Brandon, 2013: 47). Die Nederlanders kon ook met die Habsburgse Ryk in die Oos- en Wes-Indiese Eilande meeding nadat die Spaanse Armada in 1588 verslaan is (Brandon, 2013: 47). In 1598 het die agt maatskappye wat toe tussen Amsterdam en Afrika handel gedryf het besluit om saam te smelt in ’n Algemene Guinea Maatskappy om mededinging te vermy (Gelderblom *et al*., 2011: 35).

In hierdie tyd het die State-Generaal maatskappye ondersteun wat die roete na Asië via die Kaap die Goeie Hoop verken het deur ammunisie te leen, skepe teen gunstige voorwaardes te verkoop en deur vrystelling van doeaneregte te verleen (Gelderblom *et al*., 2011: 36). Die vroeë maatskappye het ook ammunisie van verskeie stede geleen, met die State-Generaal wat soms waarborge verskaf het (Gelderblom *et al*., 2011: 36). Die befondsing van die vroeë reise na Asië was egter heeltemal ’n private aangeleentheid en is georganiseer as spesiale-doel-vennootskappe (Gelderblom *et al*., 2011: 36). Tussen 1595 en 1601 het altesaam 66 skepe van Amsterdam, Middelburg en Rotterdam na Asië gevaar (Parthesius, 2010: 34; Gelderblom *et al*., 2011: 36). In 1601 is die Eerste Verenigde Compagnie van Oost-Indië gevorm deur ’n samesmelting tussen Amsterdam se Oude Compagnie en ’n onderneming wat deur Vlaamse immigrante bestuur is, die Nieuwe Compagnie (Gelderblom *et al.*, 2011: 37). Die maatskappye van Middelburg en Veere het in 1600 saamgesmelt tot een Verenigde Zeeuwse Compagnie (Gelderblom *et al.*, 2011: 38).

2.2. Die stigting en doelwitte van die VOC

Op aandrang van die Nederlandse State-Generaal het al bogenoemde maatskappye in 1602 saamgesmelt as die VOC, tot ’n groot mate om Nederland se buitelandse belange te bevorder, veral ten opsigte van die stryd teen die Spaanse Habsburgers (Rietbergen, 2007: 30; Gelderblom *et al*., 2011: 35; Brandon, 2013: 47; Antunes, 2019: 19). Gelderblom, De Jong en Jonker (2011: 45) voer aan dat die begeerte om die oorlog na die Spaanse oorsese ryk te neem en ’n Nederlandse Ryk daar te skep, die maatskappy nie alleen tot stand

gebring het nie, maar ook het dit die manier bepaal waarop die maatskappy bestuur is. Beide die VOC en die WIC was "the mechanisms devised by the States General, the sovereign collective body of the Dutch Republic, for the specific purpose of deploying empire" (Antunes, 2019: 20). Die VOC-handves het die eiebelang van 'n private maatskappy verbind met die gemeenskaplike belang van die ontluikende Nederlandse Republiek (Weststeijn, 2019: 42). Pieter van Dam, wat in 1662 'n ondersoek ten bate van die VOC gelei het, het ook aangevoer dat die VOC, buiten sy rol as sakeonderneming, die Nederlandse Republiek polities in die buiteland verteenwoordig (Weststeijn, 2014: 18).

Omdat die VOC die mag gehad het om oorlog te voer en verdrae te sluit, het die State-Generaal ook direkte beheer in die maatskappy behou (Parthesius, 2010: 35; Gelderblom *et al*., 2011: 38; Brandon, 2013: 53; Antunes, 2019: 26). Daar is byvoorbeeld van senior VOC-amptenare verwag om 'n eed van getrouheid aan die State-Generaal af te lê, en met die skepe se terugkeer moes 'n verslag oor die situasie in Asië ingedien word (Parthesius, 2010: 35; Antunes, 2019: 26). Hierdie noue betrokkenheid van die State-Generaal by die VOC het tot gevolg gehad dat:

> De VOC was een hybride bedrijf in twee opzichten. Het had de vorm van een particuliere vennootschap, maar de Staten-Generaal hadden een zware, vaak zelfs dwingende stem in de bedrijfsvoering terwijl de aandeelhouders niets in te brengen hadden. (Schalk, Gelderblom en Jonker, 2012: 7)

Olivier (1969b: 75) skryf ook dat die State-Generaal die *de jure* oppergesag was in die VOC se oorsese gebiede, die Kaap ingesluit. Antunes (2019: 26) beaam dat die State-Generaal die oppergesag in beide die VOC- en WIC-gebiede was, en noem die geval van die goewerneur-generaal van Brasilië, Johan Maurits van Nassau Siegen, vir wie die WIC in die 1640's wou ontslaan. Maurits het egter geweier om Brasilië te verlaat op grond daarvan dat sy opdrag deur die State-Generaal aan hom toegeken is en met 'n eed verseël is; hy het dus geen verpligting gehad om die WIC se opdrag te gehoorsaam nie. 'n Stelling in die anonieme boek, *Nederlandsch Afrika*, wat in 1783 in Nederland verskyn het, het ook aangevoer dat die setlaars aan die Kaap onder die heerskappy van die Hoë Regering van die Statebond van die sewe Verenigde Nederlande leef (Baartman, 2015: 41).

Die State-Generaal het die VOC op verskeie maniere bygestaan, waaronder die verskaffing van skepe en ammunisie, en die verskaffing van finansiële bystand en belastingvoordele (Gelderblom *et al*., 2011: 45). Brandon (2013: 54) noem die verhouding tussen die State-Generaal en die VOC simbioties: die

State-Generaal sou die VOC finansieel en militêr bystaan om sy doelwitte uit te voer, terwyl die VOC Nederland se vyande oorsee sou verslaan en bydra tot die Nederlandse ekonomie. Olivier (1970a: 29) beklemtoon ook dat die belange van die State-Generaal en die VOC "intiem in mekaar gestrengel" was. In die loop van die sewentiende eeu kon die VOC meer onafhanklik van die State-Generaal funksioneer namate hulle stewiger gevestig geword het (Bos en Noordam, 2014: 4). Die VOC het egter steeds die Nederlandse staat bygestaan, byvoorbeeld deur oorlogskepe en bemanning tydens die Eerste Anglo-Nederlandse Oorlog (1652-1654) tot die Nederlandse vloot se beskikking te stel (Brandon, 2013: 99).

Die besigheidsaktiwiteite van die VOC is oor ses outonome kamers versprei, onderskeidelik in Amsterdam, Middelburg, Rotterdam, Delft, Hoorn en Enkhuizen (Parthesius, 2010: 34; Schalk, Gelderblom en Jonker, 2012: 8; Brandon, 2013: 53; Baartman, 2015: 55). Hierdie kamers het verteenwoordigers afgevaardig na 'n sentrale vergadering van sewentien direkteure, die Heren XVII, wat twee tot drie keer per jaar gesamentlike beleid geformuleer het (Schalk *et al*., 2012: 8). Amsterdam het agt verteenwoordigers op die raad gehad, Middelburg vier en Enkhuizen, Hoorn, Delft en Rotterdam elk een, terwyl die sewentiende plek om die beurt aan Middelburg en die vier klein Nederlandse kamers gegaan het (Schalk *et al.*, 2012: 8).

Die VOC het 'n permanente teenwoordigheid in Asië nodig gehad om handel te bemiddel. In 1604 het Wybrand van Warwyck, die admiraal van die eerste VOC-vloot, die eerste VOC-hoofkwartier in Asië gestig met 'n sendinghoof en 'n raad in Bantam (Parthesius, 2010: 37). Sedert 1609 het die VOC 'n goewerneur-generaal aangestel om werksaamhede in Asië te bestuur (Parthesius, 2010: 37). Een van die grootste voorstanders van permanente kolonies was Jan Pieterszoon Coen, goewerneur-generaal van die VOC, wat sedert 1614 vir Nederlandse kolonies met Nederlandse setlaars geargumenteer het (Weststeijn, 2014: 16). Hy is later ondersteun deur figure soos die reeds genoemde Pieter van Dam (Weststeijn, 2014: 18).

Kolonies is gestig in Amboina, Batavia, Banda, Ceylon, Java se noordooskus en ander plekke (Karapetian, 2020: 53; Aarts, 2023: 36). Van hierdie kolonies het slegs drie tot 'n ware setlaarkolonie ontwikkel, naamlik Batavia, Banda en die Kaapkolonie (Oostindie, 2008: 2; Aarts, 2023: 36), en van hierdie kolonies het slegs die Kaapse kolonie tot 'n volskaalse setlaarskolonie ontwikkel waarheen groot getalle Europeërs sou trek (Oostindie, 2008: 5; Ward, 2008: 127; Baartman, 2015: 43). In totaal het die VOC meer as dertig handelsposte tussen Kaapstad en Nagasaki gestig om handel te bemiddel (De Zwart, 2016: 10). In hierdie gebiede het die VOC as 'n regering gefunksioneer: Die VOC het gebiede beheer en regeer, dit het vestings gebou en beman, regstappe uitgevoer

en strawwe deur howe opgelê, wette opgestel, belasting opgelê, militêre magte in stand gehou, burgerlike en godsdienstige lewe beheer, diplomatieke verhoudings met buitelandse heersers aangeknoop, verdrae onderteken en oorlog verklaar (Koekkoek, 2019: 140).

Volgens Brandon (2013: 99) het daar in die sewentiende eeu 'n onderskeid in verpligtinge tussen die State-Generaal en die VOC ontstaan, waarin oorlogvoering in Asië heeltemal aan die VOC oorgelaat is, terwyl die staat beskerming aan handelskepe in Europese waters gebied het. Die skeidslyn was die Kaap (Rietbergen, 2007: 30; Brandon, 2013: 47), wat onder die direkte gesag van die VOC was (Olivier, 1969b: 74). Tot en met die tweede helfte van die agtiende eeu, toe die Britse EIC aggressief die VOC-hegemonie in die streek begin teenstaan het en die Kompanjie terselfdertyd gekonfronteer is met 'n skerp afname in kommersiële winste, het die VOC volkome beheer oor militêre optrede in Asië behou (Brandon, 2013: 105). Vanaf die middel van die agtiende eeu het die Stadhouer 'n poging aangewend om die militêre, politieke en kommersiële bande met die buitelandse ryk te herstel (Bos en Noordam, 2014: 4). Teen die laat agtiende eeu het die Stadhouer ook sy vertrouelinge en medewerkers in belangrike militêre poste binne die VOC-hiërargie aangestel (Bos en Noordam, 2014: 4).

2.3. Die stigting en doelwitte van die WIC

In 1621 is die West-Indische Compagnie (WIC) gestig, wat baie soortgelyk aan die VOC sou werk, maar in die Atlantiese Oseaan (Meuwese, 2012: 25; Brandon, 2013: 55). Anders as die VOC sou die WIC eerstens 'n militêre verlenging van die State-Generaal wees, en tweedens 'n handelsmaatskappy (Meuwese, 2012: 26; Brandon, 2013: 55). Sy handves, wat tot 'n mate 'n afskrif van die VOC-handves was, het die WIC ook die gesag gegee om oorlog te voer en verdrae te sluit soos wat die geval was met die VOC, maar klousules is bygevoeg wat afwesig was in die VOC-handves en wat aan die WIC uitgebreide staatsondersteuning in die vorm van soldate en vestings gewaarborg het (Brandon, 2013: 55). Die WIC is egter gekniehalter deur heelwat meer kompetisie as wat deur die VOC ervaar is, en die maatskappy het nooit dieselfde vryheid as die VOC bewerkstellig nie (Brandon, 2013: 107). In 1674 is die maatskappy herskep in 'n tweede WIC (Meuwese, 2012: 54; Brandon, 2013: 56). Die WIC het kolonies onder andere gestig in Brasilië, Suriname, Angola, Noord-Amerika (Nieu-Nederland, tans New York) en verskeie eilande in die Karibiese Eilande (waaronder Curaçao, Aruba, Sint Maarten, Bonaire, Sint Eustatius en Saba) (Meuwese, 2012: 8; Karapetian, 2020: 53), alhoewel sommige van hierdie kolonies nie lank onder WIC-beheer was nie.

2.4. Staatsbetrokkenheid by die VOC en WIC

Talle direkteure van die VOC en WIC het posisies in die administrasie van die deelnemende stede beklee, wat die sterk verhoudings tussen die stede en die groot handelsmaatskappye verder bevorder het (Baartman, 2015: 55). Figuur 1 illustreer die mate van oorvleuelende betrokkenheid van direkteurs, soos gevisualiseer met behulp van die lyste wat in Brandon (2013: 321-338) verskaf word. Hierdie figuur dui Hollandse lede van die Amsterdamse Admiraliteitsraad aan, sowel as hulle verbintenisse (direksielid of hoofbelanghebbende) met die VOC en/of WIC, vir die tydperk 1586-1794. Instellings is in grys; direksielede wat slegs met die Amsterdamse Admiraliteitsraad verbind is, is in bruin; direksielede wat met die Amsterdamse Admiraliteitsraad en een handelsmaatskappy verbind is, is in blou; en direksielede wat met die Amsterdamse Admiraliteitsraad en beide handelsmaatskappye verbind is, is in pienk. Alhoewel hierdie verbintenisse slegs 'n deel van die verbintenisse tussen die Nederlandse regeringstrukture en die VOC en WIC aandui, is dit opvallend dat 'n groot aantal hooggeplaasde regeringsamptenare ook sleutelrolle in die bestuur van hierdie handelsmaatskappye beklee het.



Figuur 1: Verbintenisse van Hollandse lede van die Amsterdamse Admiraliteitsraad met die VOC en WIC. Data verkry uit Brandon (2013: 321-338).

2.5. Die Nederlandse Ryk

Rietbergen (2007: 33) voer aan dat Nederland se koloniale verlede nie terugstrek na die VOC-tydperk nie, maar eerder in die negentiende eeu ontstaan het omdat daar voor die negentiende eeu beperkte kolonisasie was. Hierteenoor glo Antunes (2019: 20) dat die daarstelling en uitbreiding van 'n Nederlandse Ryk nie bloot die gevolg was van Nederlandse handelsmaatskappye se kommersiële aktiwiteite of die optrede van hulle werknemers nie, maar dat dit eerder 'n bewuste politieke besluit was wat geneem is by die ontstaan van hierdie maatskappye. Die geboorte van 'n Nederlandse Ryk het derhalwe nie ontstaan as 'n neweproduk van die kommersiële uitbreiding van die VOC en die WIC nie, maar was eerder vir die State-Generaal 'n doel op sigself (Antunes, 2019: 27). Antunes (2019: 26) sien in die aktes van oprigting van die VOC en WIC dat die State-Generaal van meet af aan beplan het om kolonies te vestig:

> [The States General] was so certain that the companies would be building fortresses and founding settlements that it made provisions for governing the newly acquired territories after settlement. For that purpose, the sovereign established the military, judicial and religious jurisdictions concomitant to empire-building by allowing the companies to appoint men of war, governors and justice officials and establish other services needed to defend, administer and maintain law and order in the new domains of the States General.

In die geval van die Kaap argumenteer Olivier (1969b: 75-76) met 'n soortgelyke strekking:

> Soos met ander V.O.C.-besittings die geval was, het die State-generaal [*sic*] by wyse van 'n spesiale oktrooi die bestuurs- en besettingsregte ten opsigte van 'n bepaalde omskrewe gebied aan die suidpunt van Afrika aan die V.O.C. afgestaan.

Omdat die VOC en WIC verlengstukke van die State-Generaal was, deur die State-Generaal geskep is, daaraan onderdanig was en boonop nou met die State-Generaal saamgewerk het, was die ryk wat deur hierdie twee handelsmaatskappye opgerig is derhalwe deel van die ryk wat deur die State-Generaal opgebou is; dit was met ander woorde deel van die Nederlandse Ryk.

Dat die VOC en WIC se ryke as deel van die Nederlandse Ryk beskou is, kan gesien word in die simboliese benutting van VOC- en WIC-kolonies in Nederland, soos bespreek in Weststeijn (2019). In Amsterdam is daar

byvoorbeeld geboue opgerig soos die Admiraliteit se maritieme arsenaal, die VOC se pakhuis en die Amsterdamse Stadsaal, wat almal 'n imperialistiese styl het wat aan Rome herinner, en skilderye in kantore van byvoorbeeld die VOC het kolonies in 'n imperialistiese styl uitgebeeld (Weststeijn, 2019: 48-49). Die simboliese landskap in Amsterdam was volgens Weststeijn (2019: 49) een van 'n magtige ryk, maar anders as die Louvre, Whitehall, die Buen Retiro of die Paço da Ribeira, was die paleise wat Amsterdam se keiserlike mag verteenwoordig het, nie gekoppel aan 'n regerende monargie wat trots was op sy oorwinnings op die slagveld nie, maar aan 'n republikeinse elite wat die wedervaringe van globale kommersiële ondernemings gevier het.

2.6. Die ontbinding van die VOC en WIC

Die Frans-Bataafse leër het Nederland in Januarie 1795 as deel van die Bataafse Revolusie binnegeval. Willem V van Oranje en sy gevolg het na Engeland ontsnap. As die vorige kaptein-generaal van die Nederlandse leër en direkteur-generaal van die VOC het Willem V die opdrag gegee dat koloniale amptenare tydelik beskerming teen Franse invalle onder die bewaking van Britse magte moet soek (Koekkoek, 2019: 139). Hy het ook 'n brief met dieselfde strekking aan amptenare aan die Kaap uitgereik (Potgieter en Grundlingh, 2007: 44). Daar was sommige amptenare aan die Kaap wat gevoel het dat hulle lojaliteit by die Nederlandse staat eerder as by die VOC lê, terwyl die bevelvoerder van VOC-magte aan die Kaap, kolonel Robert Jacob Gordon, die Britte as vennote gesien het en ag geslaan het op Willem V se brief (Potgieter en Grundlingh, 2007: 46-47). Die uiteinde was 'n halfhartige verdedigingspoging (Potgieter en Grundlingh, 2007: 49-52). Hierdie onsekerheid rondom die verdediging van die Kaapkolonie wys juis op die komplekse lojaliteite wat teen hierdie tyd in die Kaap geheers het: Die Kaap was nie net onder die gesag van die VOC of net die gesag van die State-Generaal nie, maar beide.

Brittanje het ná 1795 die meeste van die VOC se gebiede oorgeneem, alhoewel sommiges – waaronder die Kaapkolonie – weer in 1803 aan die Bataafse Republiek teruggegee is. In 1806 het die Bataafse Republiek onder Franse bewind gekom, en die Kaapkolonie is weereens deur Brittanje beset; dié keer vir goed.

Ná die Bataafse revolusie (1795-1801) het die State-Generaal op 24 Desember 1795 besluit om die VOC te ontbind, net maande voordat die Nasionale Vergadering oorgeneem het as die land se hoof politieke liggaam (Koekkoek, 2019: 141). Die koloniale regte van die VOC is egter verleng

tot 1798 (en toe weer tot 1799), maar die direkteure van die maatskappy is dadelik verwyder (Koekkoek, 2019: 141). In 1799 is die VOC finaal ontbind (Brandon, 2013: 300). Die oorsese gebiede en eiendomme wat deur die maatskappy besit is, is herdefinieer as besittings van die staat waaroor die staat politieke soewereiniteit gehad het (Koekkoek, 2019: 135). Die WIC is reeds in 1792 ontbind en hulle kolonies is onder die direkte heerskappy van die Nederlandse staat gebring (Brandon, 2013: 300; Koekkoek, 2019: 141).

Die Bataafse Republiek het nie die VOC- en WIC-gebiede in dieselfde lig beskou nie. Die Wes-Indiese kolonies is deur die Bataafse administrasie gesien as landbou-setlaarskolonies waarvan die wit Nederlandse inwoners intiem aan die moederland verbonde was (Koekkoek, 2019: 140). Hierteenoor is die koloniale bates in Oos-Indië 'Establishments' (*Establissementen*) genoem, wat gefokus was op die uitvoer van koloniale goedere wat net vir die stedelike mark bedoel was (Koekkoek, 2019: 140). Alhoewel alle kolonies as besittings van die staat gesien is waarvan die doel was om die Nederlandse staat te dien (Koekkoek, 2019: 149), was die voormalige VOC-gebiede met ander woorde gesien as verder verwyder van Nederland self.

Die VOC-kolonie in Indonesië is ná die oorlog teen Napoleon in 1815 deur Brittanje aan Nederland terugbesorg, in 1942 deur Japan beset, het onafhanklikheid in 1945 as Indonesië verklaar en ná 'n koloniale oorlog het Nederland in 1949 onafhanklikheid aanvaar, waarna sowat 300 000 Europeërs, Eurasiërs en Molukkers na Nederland gerepatrieer is (Oostindie, 2008: 18), al was hulle nog nooit voorheen in Nederland nie.

WIC-gebiede het in 1814 onder die gesag van die Koning gekom met die stigting van die Koninkryk van Nederland (Karapetian, 2020: 53). Teen die 1840's het die Nederlandse koloniale Ryk bestaan uit die Nederlands-Indiese Eilande, Curaçao en Afhanklikhede, Suriname en die Nederlandse Goudkus (Karapetian, 2020: 53). Inwoners van hierdie gebiede het in 1892 volle Nederlandse burgerskap ontvang, alhoewel slegs burgers van Nederland self stemreg in Nederland gehad het (Karapetian, 2020: 55). Sedertdien het die onderskeie gebiede se wetlike status verander, met Suriname wat onafhanklik geword het, Aruba, Curaçao en Sint Maarten ingesluit in die Nederlandse Koninkryk as onafhanklike lande, en die Karibiese Nederland (die eilande Bonaire, Sint Eustatius en Saba) as 'n oorsese Nederlandse gebied.

3. Die Kaapkolonie

In 'n verslag van 1649 aan die VOC (die sogenaamde *Remonstrantie*) na aanleiding van die *Nieuw Haerlem* se stranding aan die Kaap in 1647, het

twee bemanningslede, Leendert Jansz en Matthijs Proot, die stigting van ’n maritieme diensstasie aan die Kaap voorgestel (Louwrens, 1954: 11; Werz, 2017: 413). Hulle het voorgestel dat ’n fort en sestig tot sewentig troepe voldoende sou wees om die tuine te verdedig, met drie of vier Hollandse tuiniers wat saam met assistente van die besettingsmag en potensiële slawe werk, terwyl die Hottentotte vee vir vars vleis en suiwelprodukte sou voorsien (Louwrens, 1954: 11). Die Here XVII het Jan van Riebeeck genader vir sy perspektief op die verslag, en op sy aanbeveling het die Here XVII besluit om die maritieme diensstasie te vestig (Ward, 2008: 133).

Die besluit om ’n maritieme diensstasie aan die Kaap te bou is verder beïnvloed deur wedywering met die Britse Oos-Indiese Kompanjie. Op 3 Julie 1620 het Andrew Shillinge en Humphrey Fitzherbert, bevelvoerders van twee Engelse Oos-Indiese Kompanjie-vlote op pad na Surat en Bantam, beheer oor Tafelbaai oorgeneem met die doel om ’n maritieme diensstasie te vestig (Worden, Van Heyningen en Bickford-Smith, 1998: 12). Hulle het Tafelbaai verlaat nadat daar nie aan hulle eis voldoen is nie, maar hierdie voorval demonstreer dat die VOC nie die enigste groep was met ’n belang in die Kaap nie (Worden *et al*., 1998: 12). (Vir ander gebeure wat die stigting van die maritieme diensstasie aan die Kaap voorafgegaan het, sien Werz, 2017 en Ward, 2008.)

Volgens Aarts (2023: 40) en Worden, Van Heyningen en Bickford-Smith (1998: 27) het die VOC aanvanklik geen gebiedsuitbreiding aan die Kaap beplan nie. Trouens, Rietbergen (2007: 31) skryf oor die algemene beleid van die VOC in hierdie opsig:

> Anders dan bij de imperiale mogendheden Spanje en Portugal speelde het veroveren van gebieden alleen om het bestuur erover en de opbrengst ervan, of ten behoeve van grote volksplantingen, bij de Nederlanders gedurende de zeventiende en achttiende eeuw nauwelijks een rol. De Compagnie stichtte eigenlijk geen koloniën – de heren XVII vonden volksplantingen duur en onnuttig.

Die doel van die kolonie aan die Kaap was daarom aanvanklik uitsluitlik om ’n maritieme diensstasie te stig, met die veronderstelling dat dit selfonderhoudend moes wees (Olivier, 1968a: 146; Rietbergen, 2007: 33; Aarts, 2023: 40). Die Nederlands-Kaapse kolonie was bedoel as ’n buitepos met ’n garnisoen, tuin en landerye om vleis, groente en graan te verskaf, soortgelyk aan VOC-stasies in Mauritius en St. Helena, eerder as om ’n stedelike gemeenskap soos Batavia te word (Worden *et al*., 1998: 27).

4. Die oorsprong van die bevolking in die Kaapkolonie

4.1. Werknemers van die VOC

Die ontwikkeling van die bevolking aan die Kaap wys hoe die VOC se siening van hierdie maritieme diensstasie mettertyd verbreed is om ’n permanente kolonie te word. Omdat hierdie bevolkingsuitbreiding hierdie veranderende siening weerspieël, word die vestiging van setlaars in hierdie afdeling bespreek.

In die beginjare was die maritieme diensstasie aan die Kaap nie selfonderhoudend nie, en daar moes byvoorbeeld rys na die Kaap verskeep word om ’n voedseltekort teen te werk (Louwrens, 1954: 15; Olivier, 1968a: 147; Worden *et al*., 1998: 20; Aarts, 2023: 40). As oplossing het Van Riebeeck aan die Here XVII voorgestel dat vryburgers uitgeplaas word wat op eie risiko en met eie inisiatief sou boer, en sy voorstel is goedgekeur (Olivier, 1968a: 147; Worden *et al*., 1998: 19; Baartman, 2015: 57; Aarts, 2023: 40). In ’n brief gedateer 30 Oktober 1655 skryf die Here XVII aan Van Riebeeck dat hulle dit goed gevind het om:

> Ul. te authoriseren dat Ul. sullen vermoogen die geenen die door ervarentheijt kennisse van de gelegentheijt van de landen hebben becomen en mette culture aanqueeckinge van beestiael als anders haer selven buijten last van de Compe sullen cunnen erneren des versoeckende in vrijdom te stellen. (Olivier, 1968a: 150)

Olivier (1968a: 148) voer aan dat hierdie oplossing wys dat die VOC ’n langtermynteenwoordigheid aan die Kaap beoog het:

> Die uitplasing van vryburgers impliseer natuurlik die belangrikheid wat die Kaap vir die V.O.C. ingehou het, en dat hulle dit op ’n langtermyngrondslag wou beset. Daarom is dit nie ontruim toe dit ’n te duur onderneming blyk te gewees het nie, maar alles is in die stryd gewerp om dit meer betalend te maak. Verliese is daarom ook nooit passief aanvaar nie en die minimum wat blykbaar verwag is, was dat die Kaap sy inkomstes met sy uitgawes moes laat klop.

Die eerste vryburgers is in 1657 vrygestel (Olivier, 1968a: 147; Baartman, 2015: 57; Oberholzer, 2020: 17; Aarts, 2023: 40). Hierdie vryburgers het grond met volle eiendomsreg ontvang, en kon ook die eiendom aan hulle nageslag agterlaat (Olivier, 1968b: 224). Vryburgers kon hulle families uit Nederland laat kom, maar op eie onkoste (Olivier, 1969a: 14). Olivier (1968a: 152) beklemtoon dat die doel van die kolonie aan die Kaap winsbejag was, nie territoriale uitbreiding nie. Nietemin is daar ná 1657 na die Kaap as ‘kolonie’ verwys. Omdat

wins die primêre oogmerk was, het die VOC streng reëls ingestel wat hulle beheer oor die vryburgers verseker het (Olivier, 1969a). 'n Burgerraad is in 1657 in die lewe geroep en 'n burgermag in 1659 (Olivier, 1970b: 167-168). Dit was verder verpligtend vir elke vryburger om aan die State-Generaal, die Kompanjie se direkteure en hulle personeellede trou te sweer (Ward, 2008: 154).

Van Riebeeck was bekommerd dat koloniste ná 'n tydperk sou terugkeer na Nederland en dat daar gevolglik 'n deurvloei van personeel sou wees wat die volhoubaarheid van die Kaapkolonie kon ondermyn. Daarom het hy voorgestel dat koloniste vir minstens tien jaar as vryburgers in die Kaap moes werk. Hy het ook beoog dat vryburgers hulle met verloop van tyd met die Kaapkolonie sou vereenselwig en: "mettertijt heel van Hollant affwennen ende eenemael van dese plaetse haer vaderlant mogen macken" (aangehaal uit Olivier, 1968b: 220).

'n Groot aantal Europese immigrante in die Kaapkolonie was VOC-werknemers of voormalige VOC-werknemers, en diegene uit laer sosiale klasse in Europa het tipies by die VOC se laer vlakke aangesluit (Kruijtzer, 2008: 112; De Zwart, 2016: 139; Oberholzer, 2020: 20). Baie van die VOC se werknemers was van verskeie Europese streke afkomstig, waaronder Suidelike Nederland (Vlaandere), Duitsland, Skandinawië en Switserland (Shell, 2005: 11; Kruijtzer, 2008: 113; Baartman, 2015: 52). Trouens, nagenoeg 60% van die VOC se soldate en 40% van die maatskappy se maritieme personeel was van buite die Nederlandse Republiek afkomstig, maar teen die laat agtiende eeu was 80% van soldate en 50% van maritieme personeel van buite die Nederlandse Republiek afkomstig (Kruijtzer, 2008: 111). Die immigrante in die Kaap was veral afkomstig van die stede Amsterdam, Rotterdam, Koningsbergen, Hamburg, Kopenhagen, Berne, Maastricht, Delft, Raden, Keulen, Leipzig, Leiden, Antwerpen, Flensburg, Dresden en Danzig (Shell, 2005: 11).

Aanvanklik is slegs Nederlandse en Duitse immigrante toegelaat om hulle aan die Kaap te vestig, maar later het Skandinawiërs en Switsers gevolg (Oberholzer, 2020: 19-20). Visagie (2006: 139) het bereken dat sowat 12% van vryburgers in die tydperk 1657-1662 van Vlaamse herkoms was, en onder die eerste vryburgers was Jan van Passel, Jacob Cloete, Jan Christoffel Broeckmeulen en Pieter Visagie almal van Vlaamse afkoms (volgens Zöllner, 1998: 138 was Cloete 'n Duitser). Daar was ook 'n groot aantal Duitse immigrante en Hoge (1946) het bereken dat, tussen 1652 en 1795, minstens 4 000 Duitse setlaars die Kaap hulle tuiste gemaak het. Die vroeë Duitse immigrante was hoofsaaklik soldate wat in diens van die VOC was (Zöllner, 1998: 139). In die agtiende eeu was die meeste immigrante van Duitse oorsprong, hoewel 'n handjievol uit Holland, Portugal en Frankryk gekom het (Shell, 2005: 13). Hierdie immigrante was gewoonlik manlik en in diens van die VOC voor hulle aansoek gedoen het om

vryburgers te word (Shell, 2005: 17). Die tipiese tydperk wat hulle in diens was van die VOC is 5 jaar (Shell, 2005: 16).

Dit is belangrik om te noem dat soos die geval was met die Hugenote (sien afdeling 4.2), sommige werknemers van die VOC en later burgers van die Kaapkolonie ook Rooms-Katolieke vervolging ontvlug het. Vanuit Suid-Nederland (Vlaandere) het daar volgens Visagie (2006: 135) vier migrasies na Noord-Nederland plaasgevind: Die eerste uittog het in 1540 begin en tot omstreeks 1560 geduur; die tweede het tussen 1567 en 1573 plaasgevind; die derde het tussen 1577 en 1589 plaasgevind; en die vierde het tussen 1621 en 1630 plaasgevind. Die meeste van hierdie vlugtelinge het hulle in Nederland gevestig, en sommiges het uiteindelik na die Kaapkolonie getrek. Een so 'n setlaar wat moontlik uit Suid-Nederland getrek en uiteindelik in die Kaap opgeëindig het, is Jacob Cloete, maar sy herkoms is onseker (Visagie, 2006: 138).

Nietemin was die VOC in die eerste dekades huiwerig om die Kaapkolonie as 'n permanente kolonie te sien, en dit was eers teen die vroeë 1670's dat die VOC werklik 'n permanente teenwoordigheid in die Kaapkolonie begin beoog het, met die ondertekening van 'n verskeidenheid ooreenkomste met die Khoekhoen sedert 1672 wat die gebied onder die gesag van die VOC geplaas het (Ward, 2008: 159). Die voltooiing van die kasteel in 1679 is ook 'n duidelike simbool van hierdie siening (Ward, 2008: 148). In 1679 is Simon van der Stel ook na die Kaap gestuur om die kolonie meer winsgewend te bedryf, en hy het direkte immigrasie aangewend om die bevolking te vermeerder (Louwrens, 1954: 95).

Vanaf 1679 het die VOC immigrasie na die Kaapkolonie aangemoedig deur nuwe plase uit te lê en grond vir eie besit beskikbaar te stel (Guelke, 2018: 321), en selfs vervoerkoste vir immigrante te betaal (Ward, 2008: 156). Teen 1682 was daar steeds net 288 setlaars (Guelke, 2018: 324). Visagie (2006: 131) verwys na 'n advertensie wat uit 1685 dateer waarin die Here XVII potensiële koloniste soveel grond belowe het as wat hulle kon verbou om hulle na die Kaap te lok. Kruijtzer (2008: 114) verwys na 'n soortgelyke pamflet in Hamburg in 1698 wat probeer het om arm Duitse koloniste vir die Kaapkolonie te werf. In 1703 het die VOC 'n nuwe grondbeleid ingestel wat dit vir setlaars moontlik gemaak het om grond vir veeweiding te huur (Guelke, 2018: 322).

Teen 1705 was daar 1559 setlaars (Guelke, 2018: 324). Volgens Aarts (2023: 40) het die VOC tot in 1707 immigrasie na die Kaap aangemoedig deur immigrante se vervoerkostes te dra, maar weens beperkte markte vir produkte het hulle daarna immigrasie ontmoedig (sien ook De Zwart, 2016: 157; Kruijtzer, 2008: 104 en Ward, 2008: 156). Volgens Shell (2005: 11) was daar nooit 'n

verandering in VOC-beleid ten opsigte van immigrasie nie; ná 1720 het die Kaapse regering net nie meer grond vir landboudoeleindes toegeken nie (Aarts, 2023: 41). Die gevolg van hierdie beleid was dat immigrasie vanaf die begin van die agtiende eeu drupsgewys plaasgevind het, meestal volgens die patroon van VOC-werknemers wat as vryburgers vrygestel is. Louwrens (1954: 34) skryf: "Vrygestelde amptenare wat as indirekte immigrante beskou kan word, was destyds en tot die einde van die Kompanjiesbewind die hoofbron waaruit 'n vrye, blanke bevolking geskep en aangevul sou word" (sien ook Ward, 2008: 150). Teen 1731 was daar omtrent 2 600 setlaars (Guelke, 2018: 330), teen 1793 was daar 4 032 setlaars (Shell, 2005: 13) en teen 1797 was daar 6 261 setlaars (Barrow, 1806: 48).

Daar was deurlopend spanning tussen die vryburgers en VOC-amptenare aan die Kaap, hoofsaaklik omdat die VOC burgerregte ingeperk het (Baartman, 2015: 54-59). Die Kaapse burgers het geëis dat die VOC-administrasie hulle bevoorregte status en regte as vryburgers, gelykstaande aan dié in die stede van die Verenigde Nederlande, erken in plaas daarvan om hulle as tweedeklasburgers te behandel (Baartman, 2015: 55). Die VOC het burgers egter as onderdane van die VOC beskou (Baartman, 2015: 60).

4.2. Die Hugenote

Ná die Bartolomeusnagslagting in 1572 en die daaropvolgende oorlog, is sommige regte ten opsigte van geloofsvryheid aan die Franse Hugenote toegeken deur die Edik van Nantes in 1598. Lodewyk XIV het egter 'n groot deel van sy bewind daaraan bestee om daardie regte te beperk, en op 15 Oktober 1685 het hy die Edik van Nantes heeltemal herroep (Wijsenbeek, 2007: 80; Van Aardt en Ridge, 2019: 45; Oberholzer, 2020: 20). Die herroeping van die Edik van Nantes, sowel as die aanloop daartoe, het 'n vlugtelingkrisis in Europa veroorsaak. Tussen 1660 en 1690 het Nederland 35 000 Hugenote-vlugtelinge ontvang; Engeland het tussen 20 000 en 30 000 ontvang; Duitsland het 30 000 ontvang; Switserland het 25 000 ontvang; en Noord-Italië het sowat 20 000 ontvang (Wijsenbeek, 2007: 81). Hugenote wat ná 1685 uit Frankryk gevlug het, is nie toegelaat om hulle bates te verkoop nie. Hierdie groep vlugtelinge het dus heelwat meer kwesbaar in ander lande opgedaag as wat die geval was met die vroeër Hugenote-vlugtelinge (Wijsenbeek, 2007: 82). Van die vroeër Hugenote-vlugtelinge het hulle met rykdom en aansien in Nederland gevestig, byvoorbeeld Louise de Coligny, wat tydens die Bartolomeusnagslagting na Nederland gevlug het en in 1583 met Willem van Oranje (Willem die Swyger) getroud is (Wijsenbeek, 2007: 93).

Toe die Edik van Nantes in 1685 herroep is, het die Here XVII besluit om Hugenote na die Kaap te stuur (Wijsenbeek, 2007: 87). Hugenote sou hoofsaaklik as wynboere aangewend word, maar die VOC het aanvanklik gesukkel om koloniste uit die Hugenote-gemeenskap te werf, omdat die eerste Hugenote-vlugtelinge werk in Europa kon vind (Wijsenbeek, 2007: 87). In 1687 het die VOC met 'n nuwe werwingspoging begin, hierdie keer meer gefokus op vlugtelinge wat ná 1685 uit Frankryk gevlug het (Wijsenbeek, 2007: 87). Die Hugenote-koloniste sou gratis boerderytoerusting, beeste, koringsaad en soveel grond as wat hulle kon verbou, ontvang, en daarbenewens is hulle ook gratis vervoer na die Kaap gegee (Wijsenbeek, 2007: 87). Hierdie Hugenote-koloniste, wat met ander woorde met materiële insentiewe na die Kaap gelok is, was oorwegend vlugtelinge ná 1685 (Wijsenbeek, 2007: 101).

Die eerste van hierdie Hugenote-koloniste het in 1688 in die Kaap aangekom ('n klein hoeveelheid Hugenote het hulle reeds sedert 1670 aan die Kaap gevestig) (Wijsenbeek, 2007: 80; Oberholzer, 2020: 20). Daar is in 1700 besluit om Hugenote-immigrasie te staak, aangesien hulle voordele spanning met ander Kaapse inwoners veroorsaak het (Wijsenbeek, 2007: 88). 'n Klein hoeveelheid Hugenote het hulle egter steeds ná 1700 aan die Kaap gevestig (Wijsenbeek, 2007: 89) en in totaal het ongeveer 240 Hugenote tussen 1670 en 1730 die Kaap hulle tuiste gemaak (Fourie en Von Fintel, 2011: 338). Visagie (2006: 142) wys egter daarop dat tot 'n derde van Hugenote oorspronklik van Vlaamse afkoms kon wees, en sluit vanne soos De Clerck, Nortier, Jacobs, Pitout, Mouton, Du Toit en Du Preez in as van Vlaamse afkoms. Op grond hiervan merk Visagie (2006: 142) dat "die Nederlandstaliges se persentasiebydrae tot die 'bloedsamestelling' van Afrikanerfamilies in toepaslike genealogiese werke waarskynlik ietwat verhoog moet word".

4.3. Slawe en ander bevolkings

Alhoewel hierdie artikel fokus op die State-Generaal se aandeel in die stigting van die Kaapkolonie en die verskuiwing van Europese bevolkings na die kolonie, moet ook genoem word dat Nederland verantwoordelik was vir die samestelling van wat vandag as die bruin- of kleurlinggemeenskap bekendstaan (Kruijtzer, 2008: 128). Die Suid-Afrikaanse bruin gemeenskap het sy wortels in die inheemse Khoe- en San-gemeenskappe, en ná die stigting van 'n maritieme diensstasie aan die Kaap, het die VOC klein getalle politieke ballinge uit Indonesië en Maleisië aan die Kaap hervestig. Slawe is ook van die Indiese subkontinent, die ooskus van Afrika, Madagaskar en Indonesië gebring (De Wit, Delport, Rugamika, Meintjes en Möller,

2010: 146). Hierdie bevolkings het mettertyd met die inheemse bevolkings saamgesmelt om die bruin bevolking te vorm, in wisselende hoeveelhede volgens ligging (sien afdeling 5.1). Kontak met swart gemeenskappe in Afrika voor 1795 was egter beperk.

5. Die langdurige impak van die VOC-tydperk aan die Kaap (1652-1795)

5.1. Die bevolking van die kolonie

Die Afrikaner se huidige genetiese samestelling weerspieël immigrasie gedurende die VOC-tydperk. Hollfelder, Erasmus, Hammaren, Vicente, Jakobsson, Greeff en Schlebusch (2020) het aangetoon dat die Afrikanerbevolking gemiddeld 95,3% Europees van oorsprong is. Hulle het 'n meer noordwestelike Europese komponent by die Afrikaners gevind, met die meerderheid van die Afrikaner se genetiese samestelling wat van Nederland en Duitsland (61-71%) en Frankryk (13-26%) afkomstig is, en kleiner persentasies van ander Europese groepe. Dit is interessant dat hulle daarop wys dat min van die genetiese samestelling van die Afrikanergemeenskap van Britse voorsate gekom het. Die oorblywende 4,7% bestaan uit plaaslike Khoe-San-mense (1,3%) en diegene wat tydens koloniale tye as slawe na die Kaap vervoer is (3,4%, hoofsaaklik Asiatiese slawe). Hollfelder *et al.* (2020) se studie ondersteun ook wat Heese (1972: 54) vantevore met behulp van geslagsregisters beraam het, naamlik dat die Afrikaner in 1867 hoofsaaklik afkomstig was van Nederland (34,8%), Duitsland (33,7%), Frankryk (13,2%) nie-Europa (6,9%), Brittanje (5,2%), ander nasionaliteite (2,7%) en onbekend (3,5%).

Die vestiging van slawe en politieke bannelinge kan ook aangetoon word deur na die genetiese samestelling van die bruin bevolking te kyk. De Wit *et al.* (2010) het gevind dat die belangrikste voorvaderlike komponente van die bruin bevolking in die hedendaagse Wes-Kaap hoofsaaklik Khoe-San (32-43%), swart Afrikane (20-36%), Europeërs (21-28%) en 'n kleiner Asiatiese komponent (9-11%) is. Hollfelder *et al.* (2020) het gevind dat die voorgeslag van die bruin bevolking naby Wellington 30,1% Khoe-San, 24% Europeër, 10,5% Oos-Asiër, 19,7% Suid-Asiër en 15,6% Wes/Oos-Afrika was. Ander streke het egter beduidende verskille getoon, met hul steekproef by Colesberg wat 48,6% Khoe-San, 20% Europeër, 2,9% Oos-Asiër, 6,7% Suid-Asiër en 21,6% Wes/Oos-Afrika afkoms getoon het, en by Askham 76,9% Khoe-San, 11,1% Europeër, 0,9% Oos-Asiër, 3,9% Suid-Asiër en 7,2% Wes/Oos-Afrika. Benewens 'n genetiese erfenis gebruik talle bruin Suid-Afrikaners ook Afrikaans as huistaal.

5.2. Kulturele oorblyfsels

Daar moet in gedagte gehou word dat verskeie komponente van die Afrikaner se kultuur en gebruike oorblyfsels van die VOC-periode se Nederlandse invloed is. So was die Nederduitse Gereformeerde Kerk die publieke kerk in Nederland in die tyd van die VOC, en dit het ook die hoofkerk in die Kaapkolonie geword (Baartman, 2015: 47-49), soos dit ook uiteindelik die hoofkerk onder die Afrikaner geword het. Volgens Oostindie (2008: 9) is Suid-Afrika die plek wat die grootste religieuse nalatenskap van Nederland se koloniale tydperk toon. Die regstelsel in Nederland, Romeins-Hollandse reg, is ook na die Kaapkolonie uitgevoer (Baartman, 2015: 49-50).

Biewenga (1999) bespreek die parallelle tussen Nederlandse dorpe en die Kaapkolonie in dieselfde era in terme van die regstelsel, arbeidsverhoudinge, die kerk, onderwys en sosiale norme. Uiteraard is Afrikaans ook ’n taal wat uit Nederlands ontwikkel het, en Oostindie (2008: 9) noem Afrikaans: “The most significant linguistic legacy of Dutch colonialism.” Afrikaanse skrywers soos Eugène Marais, Jan F.E. Celliers, C. Louis Leipoldt en J. van Melle het in Nederlands begin skryf en later na Afrikaans oorgeskakel. Baartman (2015: 51) noem ook dat sosiale bande tydens die VOC-tydperk tussen die Kaap en Nederland in stand gehou is, soos gesien kan word in die bykans 40 000 briewe wat deur die Britse admiraliteit verkry is van Nederlandse skepe wat deur Britse skepe oorgeneem is:

> The letters illustrate that contact between the Dutch Republic and the rest of the empire was not limited to official correspondence, but that many people outside of the official channels wrote letters about their daily lives and thoughts. It follows that people overseas were not at all isolated. There was a lively correspondence and constant flow of news and ideas, all of which contributed to them staying in touch and maintaining a Dutch identity.

Benewens hierdie bande met Nederland het die Afrikaner se simboliek-landskap ook uit die VOC-tydperk ontwikkel. Die landsvlag van die Republiek van Suid-Afrika (1928-1994) is byvoorbeeld ontwerp op die patroon van die Nederlandse Prinsevlag (1570), wat vernoem is na Prins Willem van Oranje (Willem die Swyger) – die stigter van die Nederlandse Republiek. Die leuse van die Nederlandse Republiek (1579-1795), ‘Eendracht maakt macht,’ het later die leuse van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) geword. Dit is in Latyns vertaal as ‘Ex Unitate Vires’ ná die Uniewording van Suid-Afrika (1910-1961) en ná Republiekwording (1961) is dit in Afrikaans gebruik as ‘Eendrag maak mag.’

6. Bespreking

Soos uit die voorafgaande studie blyk, beklee die Kaap 'n liminale posisie in die invloedsfeer van Nederland: Dit is geleë op die skeidslyn tussen die invloedsfere van die VOC en die WIC (Brandon, 2013: 47), Nederland se betrokkenheid by die Kaapkolonie word soms gesien as voor die Nederlandse koloniale era (Rietbergen, 2007: 33) en andersins erken as binne die Nederlandse koloniale era (Antunes, 2019: 27), en die Kaap was onder die direkte gesag van die VOC, wat self 'n liminale posisie tussen staatsinstelling en privaat maatskappy beklee het (Schalk et al., 2012: 7).

In geheel beskou, kan die Kaapkolonie op grond van die volgende as 'n Nederlandse kolonie gesien word:

1. die VOC, wat die Kaapkolonie gestig het, is opgerig deur die Nederlandse State-Generaal om Nederlandse buitelandse beleid uit te voer;
2. die VOC het deurgaans noue bande met die State-Generaal gehandhaaf, het die State-Generaal materieel bygestaan en is ook deur die State-Generaal materieel bygestaan;
3. die VOC se bestuur het noemenswaardig oorvleuel met Nederlandse regeringsinstellings soos die Admiraliteit;
4. die Kaapkolonie was 'n noodsaaklike skakel in die VOC se oorsese ryk, en daarom ook in die Nederlandse oorsese ryk;
5. die State-Generaal was die oppergesag in die Kaapkolonie, soos teen die einde geïllustreer toe koloniale magte Prins Willem V van Oranje se opdrag verontagsaam het deur gewapende teenstand teen Britse magte te bied; en
6. die Nederlandse staat het gebaat by die handel wat die Kaapkolonie in hulle naam bemiddel het, op materiële vlak maar ook in 'n simboliese opsig waar die Kaap as deel van die Nederlandse Ryk gefunksioneer het.

Hierdie ses punte beantwoord die eerste navorsingsvraag, naamlik wat die magsbalans tussen die Nederlandse State-Generaal en die VOC tydens die stigting en administrasie van die Kaapkolonie was. Die Kaapkolonie was wel beide instellings se kolonie, maar die oppergesag van die State-Generaal is duidelik.

Wat die tweede navorsingsvraag betref, naamlik of die stigting van die kolonie in lyn was met VOC- en State-Generaal-beleid of nie, kan die volgende punte genoem word:

1. die State-Generaal het van meet af aan voorsien dat kolonies gestig sal moet word, en het daarom die ruimte en die magte geskep waarbinne die VOC hierdie kolonies as semi-regeringstruktuur sou kon bestuur;
2. die besluit om werknemers van die VOC vry te stel het sy oorsprong by die top VOC-amptenaar aan die Kaap, Van Riebeeck, en is deur die Here XVII goedgekeur;
3. die noue samewerking tussen die VOC se bestuur en die State-Generaal impliseer dat die besluit om amptenare van die VOC vry te stel aan die Kaap met die medewete en goedkeuring van die State-Generaal plaasgevind het;
4. die VOC het setlaars aktief in Europa gewerf en hulle met verskeie finansiële insentiewe na die Kaap gelok, waaronder vlugtelinge uit Vlaandere en Frankryk; en
5. die VOC se werwingsbeleid, veral ten opsigte van Vlaamse-, Duitse- en Hugenote-setlaars, kan vandag steeds in die genetiese samestelling van die Afrikaner waargeneem word.

Dit is met ander woorde duidelik dat die VOC in diens van die State-Generaal gestaan het, en die Kaapkolonie met immigrante uitgebrei het ter wille van diens aan Nederland. Die kolonie aan die Kaap was nóg onafhanklik van die State-Generaal nóg die besluit van ’n plaaslike amptenaar nóg ’n onwettige kolonie wat sonder die goedkeuring van die VOC plaasgevind het. Neem ook in ag dat senior VOC-amptenare verplig was om ’n eed van getrouheid aan die State-Generaal af te lê, en Van Riebeeck was juis ’n senior VOC-amptenaar. Dit is ook belangrik om te noem dat setlaars bande met Nederland aktief in stand gehou het gedurende die VOC-tydperk, en daarna, wat daarop dui dat hoewel Van Riebeeck se visie verwesenlik is deurdat setlaars deel van die Kaap begin voel het, hulle ook steeds deel van Nederland gevoel het.

7. Slot

Hierdie studie het die vestiging van die Kaapkolonie as ’n VOC- of Nederlandse kolonie bespreek. Die bevindinge dui daarop dat die Kaapkolonie as beide ’n VOC- en Nederlandse kolonie gesien moet word, met duidelik oorkoepelende gesag van die Nederlandse State-Generaal. Die VOC het in diens van die State-Generaal opgetree en die Kaapkolonie met immigrante tot voordeel van Nederland uitgebrei. Die noue samewerking tussen die VOC

en die State-Generaal, asook die aktiewe werwing van setlaars uit Europa, demonstreer die belyning van die Kaapkolonie se vestiging met die beleid en belange van die Nederlandse State-Generaal.

Universiteit van die Vrystaat

Bronnelys

Aarts, A.A.C.M. 2023. De Kaapkolonie: Van VOC-verversingsstation naar exploitatie- en strafkolonie. Ongepubliseerde Ph.D.-verhandeling. Utrecht: Universiteit Utrecht.

Antunes, C. 2019. Birthing empire: The States General and the chartering of the VOC and the WIC. In: Koekkoek, R., Richard, A.-I. en Weststeijn, A. (reds.). *The Dutch empire between ideas and practice, 1600-2000.* Cham: Palgrave Macmillan.

Baartman, T. 2015. Dutch contexts of Cape burgher protests. *New Contree*, 73: 40-60.

Barrow, J. 1806. *Travels into the interior of Southern Africa.* Londen: T. Cadell and W. Davies.

Biewenga, A. 1999. *De Kaap de Goede Hoop: Een Nederlandse vestigingskolonie, 1680-1730.* Amsterdam: Prometheus.

Bos, J. en Noordam, B. 2014. Peeking at the enemy. Eighteenth century 'spy' plan reveals VOC military intelligence. *The Newsletter*, 67: 4-5.

Brandon, P. 2013. Masters of war: State, capital, and military enterprise in the Dutch cycle of accumulation (1600-1795). Ongepubliseerde Ph.D.-verhandeling. Amsterdam: Universiteit van Amsterdam.

De Wit, E., Delport, W., Rugamika, C.E., Meintjes, A., Möller, M., van Helden, P.D., Seoighe, C. en Hoal, E.G. 2010. Genome-wide analysis of the structure of the South African Coloured population in the Western Cape. *Human Genetics*, 128(2): 145-153.

De Zwart, P. 2016. *Globalization and the colonial origins of the great divergence: Intercontinental trade and living standards in the Dutch East India Company's commercial empire, c. 1600-1800.* Leiden: Brill.

Fourie, J. en Von Fintel, D. 2011. 'n Ongelyke oes: Die Franse Hugenote en die vroeë Kaapse wynbedryf. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(3): 332-353.

Gelderblom, O., De Jong, A. en Jonker, J. 2011. An admiralty for Asia: Business organization and the evolution of corporate governance in the Dutch Republic, 1590-1640. In: Koppell, J.G.S. (red.). *Origins of*

shareholder advocacy. New York: Palgrave Macmillan.
Guelke, L. 2018. The anatomy of a colonial settler population: Cape colony, 1657-1750. In: Nizza da Silva, M.B. (red.). *Families in the expansion of Europe, 1500-1800: An expanding world. The European impact on world history 1450-1800.* New York: Routledge.
Heese, J.A. 1972. *Die herkoms van die Afrikaner, 1657-1867.* Kaapstad: A.A. Balkema.
Hoge, J. 1946. *Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806.* Kaapstad: Staatsdrukker (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis).
Hollfelder, N., Erasmus, J.C., Hammaren, R., Vicente, M., Jakobsson, M., Greeff, J.M. en Schlebusch, C.M. 2020. Patterns of African and Asian admixture in the Afrikaner population of South Africa. *BMC Biology*, 18(1): 16.
Karapetian, G. 2020. Uniformity and diversity: A confrontation between French and Dutch thought on citizenship. In: Biagi, F., Frosini, J.O. en Mazzone, J. (reds.). *Comparative constitutional history. Volume one: Principles, developments, challenges.* Leiden: Brill.
Koekkoek, R. 2019. Envisioning the Dutch imperial nation-state in the age of revolutions. In: Koekkoek, R., Richard, A.-I. en Weststeijn, A. (reds.). T*he Dutch empire between ideas and practice, 1600-2000.* Cham: Palgrave Macmillan.
Kruijtzer, G. 2008. European migration in the Dutch sphere. In: Oostindie, G. (red.). *Dutch colonialism, migration and cultural heritage: Past and present.* Leiden: Brill.
Louwrens, J.E. 1954. Immigrasie aan die Kaap gedurende die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie. Ongepubliseerde Ph.D.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
Meuwese, M. 2012. *Brothers in arms, partners in trade: Dutch-indigenous alliances in the Atlantic World, 1595-1674.* Leiden: Brill.
Oberholzer, L-M. 2020. Accommodating change: The effect of the British takeover of the Cape of Good Hope on social elites, c. 1790-1820. Ongepubliseerde Ph.D.-verhandeling. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.
Olivier, G.C. 1968a. Die vestiging van die eerste vryburgers aan die Kaap die Goeie Hoop – I. Faktore wat tot die daarstelling van 'n Vryburger-gemeenskap aan die Kaap gelei het. *Historia*, 13(3): 146-153.
Olivier, G.C. 1968b. Die vestiging van die eerste vryburgers aan die Kaap die Goeie Hoop – II. Voorwaardes van vrywording soos gestel deur Jan van Riebeeck. *Historia*, 13(4): 218-226.

Olivier, G.C. 1969a. Die vestiging van die eerste vryburgers aan die Kaap die Goeie Hoop – III. Voorwaardes soos gestel deur kommissaris Rijckloff van Goens en die Here XVII se houding. *Historia*, 14(1): 2-15.

Olivier, G.C. 1969b. Die vestiging van die eerste vryburgers aan die Kaap die Goeie Hoop – IV. Die verhouding tussen die vryburgers en die owerheid. *Historia*, 14(2): 74-80.

Olivier, G.C. 1970a. Die vestiging van die eerste vryburgers aan die Kaap die Goeie Hoop – VI. Die ontwikkeling van die handel en nywerheid aan die Kaap. *Historia*, 15(1): 24-37.

Olivier, G.C. 1970b. Die vestiging van die eerste vryburgers aan die Kaap die Goeie Hoop – VII. Eerste reëlings in verband met verdediging, plaaslike bestuur en slawe-arbeid aan die Kaap. *Historia*, 15(3): 164-176.

Oostindie, G. 2008. Migration and its legacies in the Dutch colonial world. In: Oostindie, G. (red.). *Dutch colonialism, migration and cultural heritage: Past and present.* Leiden: Brill.

Parthesius, R. 2010. *Dutch ships in tropical waters. The development of the Dutch East India Company (VOC) shipping network in Asia 1595-1660.* Amsterdam: Amsterdam University Press.

Penn, N. 2016. The honourable company: VOC rule at the Cape. In: Russell, P. en Worden, N. (reds.). *Honourable Intentions? Violence and virtue in Australian and Cape Colonies, c. 1750 to 1850.* New York: Routledge.

Potgieter, T. en Grundlingh, A. 2007. Admiral Elphinstone and the conquest and defence of the Cape of Good Hope, 1795-96. *Scientia Militaria: South African Journal of Military Studies*, 35(2): 39-67.

Rietbergen, P.J.A.N. 2007. De Verenigde Oostindische Compagnie (1602-1799): Een imperiale speler, een koloniale macht – of een handels-netwerk? *Kleio*, 48(1): 29-33.

Schalk, R., Gelderblom, O. en Jonker, J. 2012. Schipperen op de Aziatische vaart. De financiering van de VOC kamer Enkhuizen, 1602-1622. *BMGN – Low Countries Historical Review*, 127(4): 3-27.

Shell, R.C-H. 2005. Immigration: The forgotten factor in Cape Colonial frontier expansion, 1658 to 1817. *Safundi*, 6(2): 1-38.

Van Aardt, P. en Ridge, E. 2019. *Hugenote aan die Kaap.* Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika.

Verstegen, M. 2002. Kaapstad: *Een onwettige kind van die VOC.* Zaltbommel: Europese Biblioteek.

Visagie, J.C. 2006. Die VOC as werkgewer met spesiale verwysing na Vlaamse immigrante aan die Kaap 1652-1662. *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 20(1): 125-142.

Ward, K. 2008. *Networks of empire: Forced migration in the Dutch East India Company.* Cambridge: Cambridge University Press.
Werz, B.E.J.S. 2017. The wreck of the Dutch East India Company ship Haarlem in Table Bay, 1647, and the establishment of the 'tavern of the seas'. *The Mariner's Mirror*, 103(4): 400-416.
Weststeijn, A. 2014. The VOC as a company-state: Debating seventeenth-century Dutch colonial expansion. *Itinerario*, 38(1): 13-34.
Weststeijn, A. 2019. Empire of riches: Visions of Dutch commercial imperialism, c. 1600-1750. In: Koekkoek, R., Richard, A.-I. en Weststeijn, A. (reds.). *The Dutch empire between ideas and practice, 1600-2000.* Cham: Palgrave Macmillan.
Wijsenbeek, T. 2007. Identity lost: Huguenot refugees in the Dutch Republic and its former colonies in North America and South Africa, 1650 to 1750: A comparison. *South African Historical Journal*, 59(1): 79-102.
Worden, N., Van Heyningen, E. en Bickford-Smith, V. 1998. *Cape Town: The making of a city.* Claremont: David Philip.
Zöllner, L. 1998. Germans in South Africa. *Familia*, 35(4): 138-146.

Note

1. Hierdie werk is gebaseer op navorsing wat gedeeltelik deur die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika ondersteun word (toekenningsnommer 151721).